

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 5: *Chayei Sarah* – Die Lewe van Sarah

Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah. Gen. 23:1 – PWL¹

Torah: Gen. 23:1 tot 25:18

Haftorah: 1 Kon. 1:1 tot 31.

Nuwe Verbond: Matt. 2:1 tot 23; Heb. 11:11 tot 16.

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah: Yeshua: Middelaar en Substituut.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 5 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Abraham wasn't perfect. He failed, made mistakes. But, he would go back, get right with God, and then just keep moving forward. He didn't quit when things got hard. He just kept on going. And everywhere he went, God was there. God was with him – Anne Graham Lotz.

The Scriptures contain many stories of people who waited years or even decades before the Lord's promises came to pass. What modern believers can learn from the patience of biblical saints like Abraham, Joseph, David, and Paul is that waiting upon the Lord has eternal rewards – Charles Stanley.

Torah Bespreking

Hersiening

Met verlede week se Torah- en Haftorahskriflesing was Abraham en Elisa se geloofspad van vertroue, gehoorsaamheid en die bereidwilligheid om יהוה en medemens te dien bespreek. Beide se lewe dien as voorbeeld vir ons elkeen.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Daarom is vertrouwe in יהוה nie net 'n intellektuele besluit nie, maar is dit aksiegedrewe waar werke (dade) van gehoorsaamheid die vrug van vertrouwe is. In dié opsig is veral Abraham ons voorbeeld, want sy vertrouwe in יהוה is deur sy werke van gehoorsaamheid bevestig toe hy selfs bereid was om sy seun Isak te offer! Die skrywer van die brief aan die Hebreërs beskryf dit soos volg:

17Deur vertrouwe het Avraham, toe hy getoets is, Yitz'gak geoffer en sy enigste seun op die altaar gelê; hom wat hy as die belofte ontvang het,

18aan wie gesê is: "In Yitz'gak sal jou nageslag genoem word."

19Hy het vrede gemaak in homself dat dit in God se hand is om uit die dood uit op te wek, waaruit hy hom ook, om 'n vergelyking te maak, terug ontvang het.

Abraham was bereid om dit wat hy deur vertrouwe van יהוה ontvang het, en dit wat vir hom die kosbaarste was, by wyse van 'n offer as te ware terug te gee. Maar sy vertrouwe was sodanig dat hy geweet het dat God vir Isak uit die dood sou opwek! Dit is die hoogste vorm van vertrouwe en gehoorsaamheid! Daarom word Abraham tereg die vriend van יהוה genoem (Jak. 2:23).

Abraham het hierdie plek van die offerande יהוה-Yir'eh genoem, want Abraham het 'n toekomstblik ervaar van die Lam van God wat יהוה sal voorsien!

Avraham het dié plek: יהוה-Yir'eh genoem sodat vandag nog gesê word: 'Op die berg van יהוה sal dit voorsien word (sal Hy daarna kyk).' Gen. 22:14.

Weens hierdie gehoorsaamheid het יהוה die verbond met Abraham deur eedswering waarvan ons in Gen. 12:2 en 3 gelees het, bevestig:

15 Die Engel van יהוה roep vir die tweede keer van die hemel af na Avraham

16 en sê: "Ek het by Myself gesweer,' sê יהוה, 'omdat jy dit gedoen het en nie jou seun, jou uniek enigste, teruggehou het nie

17 sal Ek jou in seëninge seën en jou nageslag in vermeerdering vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is en jou nageslag sal die poorte van hul vyande in besit neem

18 en in jou Saad sal al die nasies van die aarde geseën word omdat jy My stem gehoorsaam het." Gen. 22:15 tot 18.

Bepeins of Bespreek

1. Is jy en ek bereid om dit wat ons deur vertrouwe uit die Vaderhand ontvang het, en wat vir ons die kosbaarste is van alles wat ons het, aan God terug te gee wanneer Hy dit van jou en my vra? Is ons regtig bereid om in die voetspore van Abraham te stap? Sommige is nie eers bereid om familie en vriende prys te gee en יהוה na die "Bloofde Land" te volg nie!

Die Lewe van Sarah

Alles in die lewe gaan oor keuses. Ons keuses bepaal in vele opsigte ons toekoms. Die geheim is om elke keer die regte keuse te maak! Torah leer ons wat die regte keuses is, naamlik יהוה se keuses van ware lewe – van oorvloedige lewe in Yeshua (Joh. 10:10b)!

*I can't change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination –
Jimmy Dean.*

While we cannot stop the march of Bible prophecy, we can determine our place in it – Anonymous.

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference – Anonymous.

יהוה se liefdevolle onderrig en instruksies is Vader se handleiding hoe om tydens ons wildernistog in hierdie wêreld suksesvol te oorleef en Vader se seëninge deelagtig te wees. Dit leer ons hoe om ons “seile te span” sodat ons Vader se bestemming en einddoel vir ons wel bereik!

In die vorige vier Torahskriflesings het ons geleer van die keuses wat Adam en Eva, asook Noag en Abraham gemaak het en van die gevolge van hulle keuses. Hierdie week se Skriflesing gaan ook oor keuses. Ons matriarg, Sarah, het ook ‘n keuse gemaak om יהוה te vertrou en gehoorsaam te wees. Daarom word sy gereken as een van die “geloofsreuse” van die verlede soos ons in Heb. 11:11-12 lees:

¹¹Deur vertrou het Sarah, wat onvrugbaar was, ook die vermoë ontvang om bevrug te word en toe sy oor die leeftyd was, het sy geboorte gegee omdat sy seker was dat Hy wat dit beloof het, vertrouenswaardig is;

¹²daarom is daar ook uit een wat gefaal het in ou ouderdom, soveel soos die sterre van die hemel en soos die sand aan die seestrand wat nie getel kan word nie, gebore.

Hoewel die naam van hierdie week se Torahskriflesing *Die lewensjare van Sarah* is, begin ons Skriflesing egter met die sterwe van Sarah (Gen. 23:1 en 2) en eindig dan ook met die sterwe van Abraham (Gen. 25:7 en 8). Wat is dan die positiewe en bemoedigende inhoud van hierdie week se Torahstudie? Ons word bemoedig deur hoe beide Abraham en Sarah se lewe geëindig het! Hoe ons, ons lewe eindig is belangriker as hoe ons ons lewe begin!!

Daarom dien die lewensjare van Abraham en Sarah as onderrig tot stigting, troos en bemoediging, want albei het in vertrou en gehoorsaamheid tot en met hul sterwensdag gedoen wat Vader-God van hulle gevra het. Hulle is rolmodelle vir ons wat die nageslag van Abraham deur vertrou in Yeshua as Messias is! Die patriarg en matriarg van ‘n lewe van vertoue en gehoorsaamheid.

Hoekom word Abraham en Sarah tot vandag toe voorgelou as rolmodelle en nie hulle voorgeslagte, Adam en Noag, nie? Die redes is:

Eerstens is Abraham en Sarah die voorbeeld van ‘n huwelik volgens יהוה se standaard en volgens die patroon wat in Gen. 1:1 gevestig was. Gen. 1:28 – Hierdie opdrag behels dat Adam en Eva hulle kinders moes onderrig om in gehoorsaamheid aan יהוה te lewe, maar ook om ‘n intieme verhouding met YHVH Skepper-God te hê deur Hom waarlik te ken. Adam en Eva het nie hierin geslaag nie en ons weet wat die tragiese gevolge was toe Kaïn vir Abel vermoor het (Gen. 4:1 tot 8). So ook het Noag nie hierin geslaag nie, want na die sondvloed het hy in skande voor sy seuns gestaan (Gen. 18:24).

Abraham en Sarah was dus die eerste egpaar wie se huwelik aan יהוה se vereistes voldoen volgens die patroon in Gen. 1:1 en wat hulle kinders volgens Torah opgevoed het.

Tweedens: Soos Abraham en Sarah het Isak ook ‘n ontmoeting met יהוה gehad toe Abraham vir Isak gaan offer het. Met hierdie toets van vertrou in יהוה is die toekoms van die nageslag van Abraham verseël. Op die berg Moria het Abraham en Isak geestelik een geword deurdat beide hulself in algehele gehoorsaamheid aan יהוה onderwerp het. Beide se verhouding met יהוה

was nou op dieselfde vlak. Isak het nou ook יהוה-God geken soos Abraham die Almagtige geken het. Hierdie gemeenskaplike ervaring het nou deel van Isak se geestelike DNA geword wat aan die nageslag oorgedra sou word tot in die geslagte wat uiteindelik Israel sal vorm en vanuit wie die Messias sou kom! Abraham en Sarah het 'n geestelike erflating nagelaat wat Isak kon opneem om weer aan sy nageslag oor te dra!

Isak was gereed om in Abraham se voetspore te volg en al wat vir Abraham nog oorgebly het was om vir Isak 'n vrou ('n hulp) te kry wat in die voetspore van Sarah kon volg. Dit het Abraham dan ook gedoen met die hulp van sy dienskneg Eliëser. Rebekka, die dogter van Bétuel, die seun van Nahor wat Milka vir hom gebaar het (Gen. 24:47), was volgens יהוה se voorsiening die vrou vir Isak. Sy kon in die voetspore van Sarah stap!

Die einde van Abraham en Sarah se lewensjare was ook die begin van die volgende fase in יהוה se plan om 'n eiendomsvolk op te rig en te vestig uit wie die Messias sou kom as redder van Israel.

Bly By Be'er-Lagai-Ro'i.

Na Abraham se dood het Isak gebly by die put bekend as *Be'er-Lagai-Ro'i* wat beteken “die put van die Lewende Een wat my sien”.

Ná die dood van Avraham het God sy seun Yitz'gak geseën en Yitz'gak het by Be'er-Lagai-Ro'i gebly. Gen. 25:11

Dit sinspeel op die put met Lewende water wat Yeshua Messias is. Isak het dus soos sy vader Abraham vasgehou aan die belofte van Die Gesalfde Een wat sou kom – die Lewende Water wat elkeen se geestelike dors sal les.

³⁷Op die laaste groot dag (Hoshana Rabbah) van die fees, het Yeshua opgestaan en verklaar: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!

³⁸Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: ‘Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei.’” Joh. 7:37 en 38.

Ons moet ook soos Isak bly by die put van die Lewende Een wat my sien! Daarom moet ons ook daaglik van hierdie Lewende water drink:

⁷'n Vrou van Shomron het gekom om water te trek. Yeshua vra vir haar: “Gee vir My water om te drink,”

⁸want Sy studentevolginge het na die stad gegaan om vir hulleself kos te koop.

⁹Die vrou van Shomron vra vir Hom: “Hoe is dit dat U, wat 'n Jood is, van my iets vra om te drink terwyl ek 'n vrou van Shomron is?” Want die Jode assosieer nie met die mense van Shomron nie.

¹⁰Yeshua antwoord en sê vir haar: “As jy die geskenk van God geken het en geweet het Wie Hy is wat vir jou sê: ‘Gee vir My iets om te drink,’ sou jy Hom gevra het vir wat Hy het en Hy sal vir jou Lewende Water gee.”

¹¹Die vrou sê vir Hom: “My Meester, U het nie eens 'n emmer nie en die put is diep, van waar het U dié Lewende Water?”

¹²Is U groter as ons vader Ya'akov, wat die put aan ons gegee het en self saam met sy seuns en vee daaruit gedrink het?”

¹³Yeshua antwoord en sê vir haar: “Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors word,

¹⁴maar elkeen wat sal drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat sal opspring tot die ewige lewe.”

¹⁵ Die vrou sê vir Hom: “My Meester, gee vir my daardie water sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom trek nie.” Joh. 4:7-15.

Bepeins of Bespreek

1. *Chayei (die lewensjare) Sarah en Chayei (die lewensjare) Abraham.* Daar sal ‘n dag kom wat daar ook van jou en my gesê sal word: En dit was die lewensjare van.....! Hoe benut jy en ek ons lewensjare? Ons het elke dag eweveel tyd, maar ons het nie almal eweveel dae tyd nie!! Dit is ‘n geval van keuses en prioritisering!
2. Die Afgesonderde Skrifte plaas die klem op die sterfdag van ‘n persoon en nie soseer op die geboortedag nie. Dit is wel so dat die skrywers van die vier evangelies die geboorte van Yeshua beklemtoon het. Ons het egter geen opdrag om ons Messias se geboorte te gedenk nie, maar wel ‘n duidelike opdrag om Sy sterwe en opstanding jaarliks by wyse van Pesag te gedenk. So lees ons ook nêrens dat ons voorvaders of die profete of die apostels se verjaarsdae herdenk was nie. Daar is slegs drie verwysings in die Skrifte na die herdenking van die geboortedag van ‘n mens, naamlik in Gen 40:20 tot 22; Job 1:4, 5, 18 en 19, asook in Mark. 6:21, 27 en 28, en telkens dan in ‘n negatiewe verband. Tereg kan ons dus vra of verjaarsdagviering tot eer van יהוה is? Ons behoort onself ook te vra waar het die viering van verjaarsdae dan ontstaan? Terdeë besef ek dat hierdie ‘n saak is wat vele bespreking uitlok. Ek wil aanbeveel dat elkeen die skrywe van Mahdokht Walter oor hierdie onderwerp lees wat afgelaai kan word by: [Should We Celebrate Birthdays?](#)
3. In die geskiedenis van Abraham en Sarah is daar verskeie sinnebeelde (heenwysings) van יהוה, Yeshua en die nuwe verbond.
 - Abraham die sinnebeeld יהוה-God.
 - Isak die sinnebeeld van Die Seun, Yeshua.
 - Eliëser (die hulp van God) sinnebeeld van Die Afgesonderde Gees.
 - Sarah sinnebeeld van die verbond van die belofte – die nuwe verbond.
 - Rebekka sinnebeeld van die dienende bruid – die bruid van Yeshua.

Die belofte is vir ons kinders

Ons lees in Gen. 24:2-3 waar Abraham vir sy dienskneg, Eliëser, laat sweer dat hy nie vir Isak ‘n vrou uit Abraham se geboorteland of uit die dogters van die Kanaäniete sou bring nie, maar wel uit sy familie. Maar dan ons lees ons:

⁵ Toe sê die dienskneg vir hom: “Miskien sal die vrou nie gewillig wees om my te volg na hierdie land nie. Moet ek u seun dan terugvat na die land waaruit u weggetrek het?”

⁶ Avraham antwoord hom: “Maak seker dat jy my seun nie daarheen terugvat nie.

⁷ יהוה, die God van die hemel, wat my uit my vader se huis en uit my geboorteland weggevat het en wat met my gepraat en vir my gesweer het met die woorde: ‘Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee;’ Hy sal Sy boodskapper voor jou uitstuur en jy moet vir my seun daar ‘n vrou gaan haal,

⁸ maar as die vrou jou nie wil volg nie, dan is jy vry van hierdie eed aan my. Jy moet net nie my seun daarheen terugvat nie.”

Soos יהוה vir Abraham uit Babilon (afgodery) gelei het en nie wou gehad het dat sy nageslag daar na moet terugkeer nie, so wil die Vader hê dat ons ons kinders moet beskerm teen die invloed van Torahloosheid waarvan Babilon 'n sinnebeeld is. Maar ons as ouers moet die voorbeeld stel! In die verband moet ons Ex. 20:4-6 onthou:

⁴Jy mag vir jou geen afgod of enige verpersoonliking maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

⁵Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, יהוה, jou God, is 'n jaloerse Magtige God wat die oortredinge van die vaders besoek aan die seuns, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat,

⁶maar omgee wys aan duisende, aan dié wat My lief het en My opdragte uitvoer.

Daarom het Abraham aan sy dienskneg, Eliëser, gesê om seker te maak (Hebreeus: *sh'mar* – om te waak en wag te staan) dat Isak nie deur 'n heidense vrou verlei en mislei sal word nie. Abraham het יהוה vertrou dat die belofte van die Beloofde Land ook vir sy nageslag bestem was en hy het יהוה vertrou dat Hy vir Isak 'n bruid sou kies – 'n geskikte hulp om die erflating van Sarah as matriag te ontvang en na die nageslag oor te dra.

Indien ons getrou bly aan יהוה se onderrig en instruksies – Hom liefhet en Sy opdragte uitvoer – sal יהוה Sy liefdevolle omgee aan ons nageslag bewys.

Bepeins of Bespreek

1. *Raising good kids is not easy, there are no college courses ... and by the time you're experienced, you're out of a job* (Anonymous). Hoeveel van ons sou nie graag die geleentheid wou hê om ons kinders van vooraf op te voed nie?
2. As ouers het ons 'n gelofte afgelê dat ons, ons kinders sal opvoed in die 'weë van die Here'. Hierdie was 'n onderneming om as 'tussenganger' op te tree in die verhouding tussen ons kinders en hulle Skepper-God – 'n rol wat ons as ouers moet vervul tot ons kinders volwassenheid bereik. Vandag besef en verstaan talle ouers, soos onself, dat die opvoed in die 'weë van die Here' 'n gelofte was om ons kinders op te voed om Torah-gehoorsaam te wees. Talle ouers, soos onself, het egter eers die Torah-gehoorsame pad begin stap nadat die kinders volwassenheid bereik het. Hierdie is 'n baie moeilik situasie in die ouer-volwasse-kind verhouding wat maklik tot spanning kan ly. Hoe moet ouers hierdie situasie hanteer? Moet jy jou kinders om vergifnis vra dat jy, weens eie onkunde, hulle nie die volle waarheid van die Skrifte geleer het nie? Hoe hanteer jy as ouer die tye waar daar saam gekuier word en dit is byvoorbeeld Shabbat of kersfees, maar jou kind(ers) se siening daarvoor is steeds soos jy hulle geleer het?

Haftorah Bespreking

1 Kon. 1:1 tot 31 – Van geslag tot geslag

Het jy jouself al die volgende baie belangrike vraag gevra: Wil jy hê dat jou kinders soos jy moet wees? Met ander woorde sal jy graag wil hê dat jou kinders die voortsetting van jou karakter, waardes en hoedanighede moet wees? Die vraag is ook: Wat is jou geestelike naletenskap aan jou kinders, en selfs kleinkinders?

Iemand het by geleentheid die volgende baie belangrike waarheid gespreek: *Children will often fail to listen to their parents. However, they rarely fail to follow their example!* Kan jy met vrymoedigheid aan jou kinders sê om jou voorbeeld te volg, selfs die voorbeeld in jou

binnekamer waar niemand jou sien nie, behalwe יהוה jou Skepper-God? In die opsig is dit veral belangrik om die woorde van die profeet Hosea te onthou:

⁶My volk word vernietig weens gebrek aan kennis. Omdat jy kennis verwerp het, sal Ek jou ook as My priester verwerp. Aangesien jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

⁷Hoe meer hulle vermenigvuldig het, hoe meer het hulle teen My gesondig. Ek sal hulle lof en eer in skande verander. Hos. 4:6-7.

Hoewel יהוה met die priesters praat, verwys Hy na Sy volk wat Hy gekies het en nie na die heidene nie! Dit is Sy volk wat vernietig word weens 'n gebrek aan kennis, naamlik dat hulle nie יהוה werklik ken nie. Dit is nie weens 'n gebrek aan inligting aangaande יהוה nie, maar weens 'n gebrek aan 'n intieme verhouding met hulle Skepper-God wat Israel vernietig! Hulle word vernietig (afgesny van יהוה) omdat hulle nie die Vaderhart ken om daarvolgens in liefde en met onderskeiding en wysheid te lewe nie!

Die profeet Jesaja het 'n soortgelyke waarskuwing as Hosea aan Israel gerig (Jes. 5:12-13):

¹²Hulle fees-etes is met lier en harp, tamboeryn, fluit en wyn, maar hulle gee nie aandag aan die daade van יהוה nie en die werk van Sy hande oorweeg hulle nie;

¹³daarom gaan My volk in ballingskap weens hulle gebrek aan kennis, hulle eerbares ly honger en hulle menigte droog uit van die dors.

So dikwels word net die eerste deel van Hos. 4:6 aangehaal, naamlik: "My volk word vernietig weens gebrek aan kennis", maar daar word versuim om die res van vers 6, asook vers 7 aan te haal wat die gevolge van 'n gebrek aan kennis van יהוה uitspel! Luister na die waarskuwing en vermaning deur Hosea: Omdat jy die kennis verwerp het en die Torah van jou God vergeet (verwerp) het:

- Sal jy nie meer die priesteramp bedien nie! Jy sal nie meer gereken word as 'n koninklike priesterdom nie. Onthou: Die Levietiese priesterorde het die taak gehad om die volk יהוה se Torah te leer. As 'n priesterdom volgens die orde van Malki-Tzedek het ons dieselfde taak (1 Pet. 2:9).
- Sal יהוה jou kinders vergeet! 'n Angswekkende gedagte!!
- Sal jou nageslag se sondes sal toeneem. In die verband moet Ex. 20:5 onthou word, naamlik: "want Ek, יהוה, jou God, is 'n jaloerse Magtige God wat die oortredinge van die vaders besoek aan die seuns, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat.
- Sal jou kinders se lof en eer sal in skande verander word.

Die eintlike vraag wat jy en ek dus vir onself moet vra, en eerlik moet antwoord, is: Ken ek יהוה en leef ek volgens Sy Torah soos dit in Yeshua vervul is? Stel ons 'n voorbeeld wat ons nageslag wil navolg? Indien nie, moet ons deeglik kennis neem van die gevolge van ons keuse vir onself en ons kinders!!

Om vernietig te word deur 'n gebrek aan kennis is weens 'n gebrek aan die ewige-lewe-ken-verhouding met יהוה! Dit is die betekenis van Yeshua se woorde in Joh. 17:3.

Dit is die ewige lewe: dat hulle U sal ken, want U is die God van Waarheid, asook Hom sal ken wat alleen deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een.

Dit is 'n verhouding wat deur liefde gemotiveer en gedryf word:

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. Joh. 14:21.

Om iemand te ken (Hebreeus: *Yadah*), is om `n verhouding met daardie persoon te hê. Hoe meer intiem die verhouding is, hoe beter sal jy daardie persoon ken en verstaan. Indien jy slegs berigte hoor en lees aangaande `n persoon, sal jy nooit daardie persoon werklik ken nie. Alleenlik wanneer jy die persoon ontmoet het, en `n een tot een verhouding met daardie persoon oor `n tyd het, sal jy die persoon werklik kan ken. Sonder `n ontmoeting en `n persoonlike verhouding sal jy slegs van daardie persoon weet.

Die woord “ken” in Joh. 17:3, en verwysend ondermeer na Jer. 31:34 en Heb. 8:11, beteken nie slegs feitelike kennis nie, maar is kennis wat op grond van `n intieme verhouding bestaan. Dit is om te ken op grond van `n eenwording tussen twee persone; `n broederskap en kameraadskap deur een van gees te word. Die woord “ken” in beide Grieks en Hebreeus, beteken *om kennis te hê van, om te verstaan, waar te neem, te onderskei, te ken deur ondervinding en insig te hê*. Dit is om iemand op `n persoonlike en `n baie intieme wyse te ken.

Beide Abraham en Dawid het יהוה geken en Torah nougeset onderhou, maar het ook wel foute begaan. Hierdie is dan die verband tussen hierdie week se Torah en Haftorah Skriflesing, asook dat beide aan die einde van hulle lewe seker wou maak dat hulle nageslag `n voortsetting en vervulling van יהוה se beloftes aan hulle sal sien.

In hierdie Haftorah gedeelte word ons ook daaraan herinner dat die vervulling van יהוה se beloftes deur ons nageslag volgens יהוה se keuse sal wees. In Abraham se geval was dit deur Isak en nie deur Ismael nie, en in Dawid se geval deur Salomo en nie deur Adoniyah (Adonia) nie.

As ouers, en veral soos ons ouer word, raak dit al hoe belangriker om seker te maak dat ons by ons kinders hulle geestelike doel en bestemming ingeprent het. Ons worstel dikwels met die vraag of hulle werklik `n visie vir die toekoms het, nie net vir persoonlike sukses, huweliks- en gesinsgeluk en op materiële gebied nie, maar veral ten opsigte van hulle geestelike erfenis en geestelike eindbestemming. Is ons geestelike nalatenskap van so `n aard dat ons kinders met ywer en begeerte dit wil voortsit?

Ons leer ook `n ander baie belangrike les uit ons Haftorah gedeelte, naamlik ten opsigte van die opvoeding van ons kinders. Ons lees in 1 Kon. 1:6 die volgende ten opsigte van Dawid se opvoeding van sy seun Adoniyah:

Sy vader het hom nooit te eniger tyd teëgegaan deur te vra: “Waarom het jy so gemaak?” nie. Hy was ook altyd `n baie aantreklike man en hy is ná Avshalom gebore.

Dawid het nooit vir Adoniyah getugtig nie en het dus sy plig as ouer in dié opsig versuim. Die gevolg was dat Adoniyah tot `n selfsugtige jong volwassene ontwikkel het wat gewoon was dat hy sy sin kry en dat sy vleeslike begeertes bevredig word. Daarom het hy self besluit dat hy Dawid se opvolger as koning sal wees. Dit het Dawid uiteindelik gedwing om vinnig op te tree en Salomo, volgens יהוה se belofte, as koning te self.

Kinders wat soos Adoniyah sonder tugtige opgevoed word, het meestal geen ontsag of meegevoel met hulle ouers nie. Adoniyah het in sy vader Dawid se verswakte toestand `n geleentheid gesien om teen sy vader se wil te gaan en die koningskap aan homself toe te eien. Hy was nie eens bereid om te wag tot Dawid gesterf het nie! Hy het sy stand as die oudste

oorlewende seun in die koningshuis misbruik deur vir hom waens en perderuiters aan te skaf met vyftig mans wat voor hom uitloop (1Kon. 1:5). Verder het Adoniyah met ander gesaghebbendes (Joab en Abjatar) in Dawid se koninkryk onderhandel vir hulle lojaliteit en talle genooi na sy kroningsplegtigheid (1Kon. 1:7 en 9). Dit alles agter die rug van Dawid.

In Dawid se oudag was sy seun Adoniyah dus vir hom geen ware vreugde gewees nie. Die skuld hiervoor moet aan die voete van Dawid gelê word, want die oorsprong van Adoniyah se optrede is weens Dawid se versuim om hom met liefde, wat tugtiging insluit, op te voed. Dit herinner ons aan die volgende:

Hy wat sy lat spaar, haat sy seun, maar hy wat sy seun lief het, dissiplineer hom behoorlik. Spr. 13:24.

Die tugtiging van die wat nie boosheid erken nie is bekend, maar hy wat teregwysing haat, sal sterf. Spr. 15:10.

Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee, ja, vreugde vir jou lewe. Spr. 29:17.

Voed 'n kind op volgens die pad wat hy moet gaan en wanneer hy oud word, sal hy nie daarvan afwyk nie. Spr. 22:6.

Aan die ouers word יהוה se tugtiging van hulle kinders toevertrou. Dit beteken dat ouers hulle kinders moet tugtig met die doel om hulle lewens volgens Torah te rig. Soos ouers bereid moet wees om יהוה se liefdevolle tugtiging te aanvaar as in hulle eie belang, so moet kinders die tugtiging van hulle ouers aanvaar. Rebelle teen hierdie vorm van ouers se tugtiging is inderwaarheid rebelle teen יהוה.

⁴Julle het tot nou toe nog nie met bloed weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie

⁵en julle het weggedwaal van die lering wat tot julle as seuns praat: “My seun, moenie wegdraai van die vasgestelde pad van יהוה of verslap in jou lewe as jy deur Hom gedissiplineer word nie,

⁶want יהוה dissiplineer hom wat Hy lief het en Hy ontvang hulle met wie Hy tevrede is.”

⁷Verduur daarom die dissipline, want God behandel julle as kinders. Watter seun word nie deur sy vader gedissiplineer nie?

⁸As julle nie gedissiplineer word, soos elke persoon gedissiplineer word nie, dan is julle vreemdelinge en nie kinders nie. Heb. 12:4-8.

Die doel van liefdevolle tugtiging is om grense van optrede en gedrag neer te lê. Dit bied sekuriteit aan die een wat getugtig word. יהוה se tugtiging is omrede ons Sy kinders van Sy huishouding is en nie vreemdelinge van 'n ander huishouding nie! Daarom moet ons dankbaar wees vir יהוה se tugtiging.

Bepeins of Bespreek

1. In vele opsigte is elke mens se karakter, lewensuitkyk, waardes en hoedanighede die resultaat (gevolg) van ouers en voorouers. Hierdie plaas 'n geweldige verantwoordelikheid op ouers. Uiteraard sal verskeie ander faktore, sommige waaroor die ouers nie werklike beheer het nie, ook 'n groot invloed hê. Hoe moet ons as ouers hierdie buite invloede hanteer en beheer, veral waar kinders deesdae toegang tot 'n magdom inligting via televisie en die internet het?

2. Kan 'n Kind wat nooit gedurende sy opvoeding deur sy ouers streng getugtig is nie, die voortsetting en vervulling van se beloftes aan die ouers wees sonder dat die kind toelaat dat יהוה daadwerlik in sy / haar lewe ingryp?
3. Ouers wat weier om aan יהוה se huisreëls (Torah) gehoorsaam te wees is gelykstaande aan kinders wat weier om hulle ouers se huisreëls gehoorsaam te wees! Kan ons as ouers van ons kinders gehoorsaamheid vereis terwyl ons self **nie** aan יהוה se huisreëls gehoorsaam is nie?
4. Tugtiging van kinders is 'tough love'. Hoeveel ouers skram hiervan weg om dan in latere jare die hartseer vrugte daarvan te pluk omrede hulle kinders nie vir hulle 'n ware vreugde is nie? Iemand het by geleentheid gesê: *Kinders is die vuurmaakhout vir jou oudag wat vir jou die warmte en snoesigheid in jou laaste jare verskaf – wanneer jy dit die meeste nodig het!*
5. Die uitdaging is om ons kinders in die Torah-gehoorsame weë van יהוה soos dit in Yeshua vervul is op te voed. Maar is dit opsigself 'n waarborg dat ons kinders in ons voetspore sal volg? Onthou: 'n Moeder se invloed op haar kinders is soos graveerwerk wat nie "uitgevee" word nie. Die vader se invloed is soos die letter van die wet, maar die moeder se invloed is soos die Gees van die wet wat lewe voortbring het en wat die lewende voed!
6. Is daar in Hos. 4:6 en 7 'n verskuilde belofte, naamlik dat ouers wat יהוה ken, en wat Sy Torah soos dit in Yeshua vervul is gehoorsaam, se kinders sal nie deur יהוה vergeet word nie?

Skriftestudie

Die Verbond en die Torah

Lering 4: Yeshua: Middelaar en Substituut

Wanneer 'n bloedverbond tussen twee groepe, soos tussen twee volke of twee stamme, gesluit word, word 'n verteenwoordiger van elke groep gekies om namens die groep die verbond te sny (te sluit). Hierdie verteenwoordiger word die middelaar of die verbondshoof genoem en hy speel 'n baie belangrike rol en moet dus met die grootste sorg gekies word, omrede hy die outoriteit het om namens die groep op te tree en besluite te neem. Hy moet dus vertrouwd wees met die behoeftes en begeertes van die groep wat hy verteenwoordig en hulle moet hom as geskik vir die taak beskou – iemand met wie hulle kan identifiseer.

Die verteenwoordiger is nie net die middelaar (verbondshoof) nie, maar ook die waarborger van die bloedverbond wat moet toesien dat al die beloftes en al die voorwaardes van die bloedverbond nagekom word!

Die belangrikste vereiste waaraan die middelaar moet voldoen, is dat hy 'n volksgenoot of stamgenoot moet wees van die groep wat hy verteenwoordig – hy moet van dieselfde bloedlyn wees. Hy moet die tipiese hoedanighede, kultuur en karakter van die groep besit en openbaar.

Die groep (stam of volk) beskou hulself as “in die verteenwoordiger” en hy beskou homself as “in die groep”. Die verteenwoordiger en die groep het dus een, naamlik een entiteit geword! Na die bloedverbond tussen die twee groepe gesluit is, word beide groepe ook een entiteit en word nou ook deur die res van die wêreld as een entiteit gesien.

Yeshua ons Middelaar

Het Yeshua aan al die vereistes voldoen om die Middelaar (die Verbondshoof) van die nuwe verbond te wees? Ja, want die Skrifte bevestig dit! Maar Yeshua was nie net ‘n geskikte Middelaar wat die mensdom kon verteenwoordig nie, maar Hy was ook ‘n geskikte Middelaar om יהוה-God te verteenwoordig!! Hierdie is een van die geheimenisse van die nuwe verbond wat dit ‘n beter verbond as die ou verbond maak (Heb. 8:6)!

Eerstens het יהוה Sy Seun na die wêreld gestuur.

want op dié manier het God die wêreld liefgehad: só, dat Hy Sy enigste uniekgebore Seun opgee het sodat elkeen wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê, Joh. 3:16.

Maar ons weet volgens Joh. 1:1-5 dat Yeshua was יהוה se Woord (Boodskap) wat vlees geword het:

- ¹In begin het die Boodskap reeds bestaan en daardie Boodskap het saam met God bestaan en God self was daardie Boodskap.
- ²Hierdie het aanvanklik saam met God bestaan.
- ³Alles is deur Sy hande gemaak en sonder Hom het niks bestaan van wat ontstaan het nie.
- ⁴In Hom was die Lewe en die Lewe was die Lig vir die mense.
- ⁵Daardie Lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

Die Woord het dus gees, siel en liggaam geword en soos ‘n mens hier op aarde gelewe:

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, ‘n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is. Joh. 1:14.

Yeshua het dus al die hoedanighede van יהוה wat in ‘n mens kan wees, besit. En as mens was Yeshua, soos enige ander mens, blootgestel aan alles wat die lewe hier op aarde bied. Hy was blootgestel aan versoekinge, ontberinge, emosies, vreugde, hartseer, beperkinge en al die ander dinge wat ons almal ken en ook ervaar. En soos ons almal het Yeshua ook ‘n vrye wil gehad!

Yeshua was dus in alle opsigte mens gewees, maar Hy was sonder sonde! Hy was ons voorbeeld van hoe om as mens in ‘n volmaakte verhouding met יהוה-God te lewe! Yeshua kon dus aangestel word as יהוה se Verteenwoordiger van die nuwe verbond, want Hy het al die hoedanighede van God gehad. In Heb. 1:3 lees ons dat Yeshua is die helder Skynsel van יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese.

En om die mensdom se Verteenwoordiger van die nuwe verbond te wees, het Yeshua Homself gestroop van Sy Godheid en die gestalte van ‘n slaaf aangeneem in die vorm van ‘n mens in die gedaante van ‘n man:

- ⁵ Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, is,
⁶ Hy wat, terwyl Hy die afbeelding van God was, dit geen roof geag het om soos God te wees nie,
⁷ maar Homself gestroop en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het in die vorm van 'n mens en gevind is in die gedaante van 'n man:
⁸ Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot die dood toe, die dood deur gekruisig te word.
⁹ God het Hom daarom ook tot die hoogste plek opgelig en aan Hom die Karakter en Outoriteit (Naam) gegee wat bo elke karakter en outoriteit (naam) is
¹⁰ sodat elke knie sal buig tot eer van die Karakter en Outoriteit (Naam) wat aan Yeshua gegee is, dié wat in die hemel en dié wat op die aarde en dié wat onder die aarde is
¹¹ en elke tong sal erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, Die Meester is, tot eer, lof en aanbidding van God-die-Vader. Fil. 2:5-11.

Daarom staan Yeshua bekend as die Seun van God (Matt. 14:33; Mark. 1:1) en as die Seun van die mens (Matt. 9:6; Matt. 12:8; Matt. 18:11, ens.).

Opsomming: Met die sny van die nuwe verbond het Yeshua opgetree as die Middelaar (Verbondshoof) van beide יהוה-God en van die mensdom!

Yeshua ons Substituut.

Yeshua het ook as die mens se substituut – as plaasveervanger – opgetree ten opsigte van die mens se sondeskuld. Daarom moet ons verstaan dat alvorens die nuwe verbond gesny en verseël kon word, moes die sondeskuld vir die verbreking van die ou verbond eers betaal word!

Eerstens moes die skuld betaal word vir die verbreking van die bloedverbond wat by Sinai gesluit was en bekend staan as die Boek van die Verbond (Ex. 19:5 tot Ex. 24:11). Hierdie bloedverbond word in Ex. 24:3-8 deur bloed verseël:

- ³ Moshe het gekom en aan die volk al die woorde van יהוה en al die uitsprake meegedeel en die hele volk het met een stem geantwoord en gesê: “Al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen.”
⁴ Moshe het al die woorde van יהוה opgeskryf en die oggend vroeg opgestaan en by die voet van die berg 'n altaar en twaalf pilare, volgens die twaalf stamme van Yisra'el, gebou.
⁵ Hy het jongmanne van die seuns van Yisra'el gestuur wat brandoffers geoffer het en bulle as vredesoffers vir יהוה geslag het.
⁶ Moshe het die helfte van die bloed gevat en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed op die altaar gesprinkel.
⁷ Hy het die Boek van die Verbond gevat en dit voor die ore van die volk geles en hulle het gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees.”
⁸ Moshe vat die bloed en sprinkel dit op die volk en sê: “Hierdie is die bloed van die verbond wat יהוה met julle gesluit het volgens al hierdie woorde.”

Moses was die middelaar van hierdie verbond, maar kort daarna verbreek was met die aanbidding van die goue kalf (Ex. 32:1-8). En onthou: Indien 'n bloedverbond verbreek word, moet die skuldige party sterf! Daarom lees ons in Ex. 32:9-10 die volgende:

- ⁹ יהוה het vir Moshe gesê: “Ek het hierdie volk gesien en, let op, hulle is 'n hardnekkige volk.

¹⁰Laat My daarom alleen sodat My wraak teen hulle kan brand en Ek hulle verteer en Ek sal van jou 'n groot nasie maak." Ex. 32:9-10.

Maar Moses het by יהוה vir onverdiende guns gesmeek en God het Israel van uitwissing gespaar, maar aan hulle die Torah van Moses, ook bekend as die boek van die wet, gegee om hulle te bewaar, en om as tugmeester te dien, tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24-25) om in die plek van Israel, en hulle nageslag, te sterf ter betaling van die sondeskuld vir die verbreking van die Boek van die Verbond.

Tweedens moes die sondeskuld betaal word vir al die oortredinge van die Torah van Moses, want almal het gesondig (Rom. 3:23) en geen mens kon onskuldig verklaar word deur die onderhouding van die wet nie (Gal. 2:16). Elkeen wat skuldig is aan een oortreding, is skuldig aan die hele wet (Jak. 2:10).

Yeshua kon die mensdom verteenwoordig, want alles is deur Sy hande gemaak en in Hom is Lewe soos in Joh. 1:3-4 opgeteken is.

³Alles is deur Sy hande gemaak en sonder Hom het niks bestaan van wat ontstaan het nie.

⁴In Hom was die Lewe en die Lewe was die Lig vir die mense.

Yeshua kon dus namens die mensdom – as die mens se substituut (se plaasvervanger) – die sondeskuld betaal vir die verbreking van die boek van die verbond en vir die oortredinge van die Torah van Moses.

Daarom het Yeshua aan die folterpaal gesterf vir die verbreking van die bloedverbond, bekend as die boek van die verbond, en is die skuldbrief – die geskrewe aanklag van die oortreding van die Torah van Moses – uitgewis deur dit aan die folterpaal vas te slaan!

¹⁴Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgegee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan.

¹⁵Deur Sy liggaam af te lê, het Hy die heersers en outoriteite gestroop en hulle in die openbaar beskaam deur Sy wesenlike self. Kol. 2:14-15.

Yeshua was die mens se Middelaar en Substituut. Die bloed van Yeshua was die bloed van vergifnis van ons sonde, asook die bloed waarmee die nuwe verbond gesny en verseël is! Toe die bloed van Yeshua aan die kruishout gevloei het, het die bloed van יהוה-God as die Seun van God en die bloed van Yeshua as die verteenwoordiger van die mensdom, gemeng en is die ewige verbond verseël! יהוה het 'n nuwe bruid gekies.

⁹Ek bid vir hulle, Ek het nie vir die wêreld gebid nie, maar vir dié wat U My gegee het omdat hulle aan U behoort en vertrou het dat U My gestuur het.

¹⁰Alles wat Myne is, is U s'n en wat U s'n is, is Myne en Ek is in hulle vereer en geprys.

²⁰Ek bid egter nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle boodskap in My sal vertrou

²¹sodat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees. Joh. 17:9-10 en 20-21.

Met Yeshua se folterdood en opstanding uit die dood kon יהוה-God 'n nuwe bloedverbond met die mens sluit waar Yeshua die Verbondshoof van beide God en die mens was en steeds is. Elkeen wat deur vertrou in Yeshua 'n "nuwe" mens word, se sondeskuld word uitgewis by wedergeboorte om deel te word van hierdie nuwe verbond.

Solank as wat die mens in Yeshua is, en Yeshua in die mens is, kan die nuwe verbond nie verbreek word nie. Daarom is die nuwe verbond 'n beter verbond as die ou verbond, want dit is op beter beloftes gegrond.

Die profesie van Jesaja toe hy die belofte van יהוה-God gespreek het, en soos dit in Heb. 8:8-12 opgeskryf is, is nou vervul:

8“Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra'el en oor die huis van Y'udah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring,

9nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp,” sê יהוה.

10“Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees

11en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: ‘Ken יהוה’ nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste.

12Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie.”

Yeshua is dus die Waarborger van die nuwe verbond wat sal toesien dat al die beloftes en voorwaardes van die nuwe verbond nagekom word. Daarom is Yeshua ons Ewige Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek wat as Middelaar en Waarborger van die nuwe verbond steeds optree (Heb. 7:20-22).

20Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed,

21want hulle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: “יהוה het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,”

22waarvolgens Yeshua van 'n baie beter verbond die waarborg is.

Andrew Murray verduidelik dit soos volg (The Believers New Covenant):

In a way that no human thought could have devised, by a stipulation that never entered into any human covenant, by an undertaking in which God's infinite condescension and power and faithfulness are to be most wonderfully exhibited, by a supernatural mystery of divine wisdom and grace, the New Covenant provides a guarantee, not only for God's faithfulness, but for man's too! God himself undertook to secure man's part as well as His own! This is crucial to our understanding the New Covenant!

Mag ons elkeen die volle openbaring kry van die doel en die betekenis van die nuwe verbond! Dit is waarlik Vader-יהוה se onverdiende guns en Sy liefdevolle omgee waarmee Hy ons toedek!

5אנא אנא – Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Wingerdstok, julle is die takke. Wie voortdurend in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

6As 'n sekere persoon nie voortdurend in My bly nie, word hy buite weggegooi soos 'n tak en verdroog en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur om te verbrand.

7As julle voortdurend in My bly en wat Ek gesê het in julle, sal julle vra net wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word. Joh. 15:5-7.

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.